

Kom raak Rustig

Ná nog 'n jaar wat verby gevlieg het, is dit tyd om 'n welverdiende blaaskans te neem met 'n wegbreek by Rustig.

En ná 'n naweek by Rustig sal jy gou verstaan hoekom dié ou plaas in die Mootvallei aan die voet van die Magaliesbergreeks se naam so gepas is.

In die begin...

Johan Oosthuizen is die huidige eienaar en het dié eiendom van sy oupa, Frederik Jacobus Kloppers, by een van sy ooms gekoop. Die Kloppers-familie besit al sedert 1845 die grond en oupa Fritz het in 1930 die grond by sy oom gekoop. Johan se ma is gebore op Rustig 81 jaar gelede en bly steeds op die plaas!

Sodra jy aanklop by Rustig, voel jy sommer die geskiedenis in die omgewing aan: Nie net die Kloppers-familie se geskiedenis nie, maar ook dié van die Anglo-Boereoorlog. Daar is 'n paar slagvelde in die omgewing wat jy kan gaan kyk.

Maar deesdae is dit rustig hier tussen die ruig plantegroei, volop voëllewe en wild soos swartwitpens, koedoe, duiker, vlakvark, ystervark, jakkals, luiperd en nog vele meer. Bespreek gerus 'n wildkykrit.

Bespreek hiér

Rustig het verskeie verblyfopsies. Die oorspronklike gerestoureerde plaashuis, wat uit 1931 dateer, is vandag die gastehuis. Smul elke oggend aan ontbyt wat deur Rustig se eie sjef voorberei word om die eetkamertafel, of lees 'n boek onder een van die 80 jaar oue

bome of geniet 'n koppie middagtee op die ou plaasstoep.

Rustig se gewilde selfsorgkliphuis vir ses mense is volledig toegerus en het sy eie private boma waar jy lekker tot laat kan kuier saam met vriende en familie om 'n knetterende vuur.

As jy verkies om te kamp, maar nie lus het om tentpale in te kap nie, bespreek 'n luukse tent wat volledig toegerus is – jy hoef net die spens se benodigdhede in te pak.

Trek jou stapskoene aan!

Grawe jou stapskoene uit die kas uit en pak een van die vier staproetes aan: twee is dagstaproetes en twee is oornagroetes.

Die Olienhoutroete is die kortste roete, en jonk én oud sal hierdie 3 km-roete geniet waarlangs jy besienswaardighede soos die ou windpomp kan sien. Die Witstinkhoutroete neem jou verder teen die Magaliesberg op en bied 'n paar uitdagings. Gaan kyk gerus na die Nuwejaarsgrot. Bekyk die wêreld uit 'n voëlperspektief op die Karee-oornagroete van 13 km, wat al die pad tot bo-op die berge strek. Maar die tweede oornagroete, die Magalieskransroete van 15 km, is die opwindendste roete en jou bene gaan die hardste werk op dié roete. Die roete het boonop met 28 leertjies op en af teen die rotsagtige berghange. Gesinne met kinders ouer as tien jaar is welkom om dié roete te stap waarlangs jy die mooi Mootvallei kan ervaar.

Bespreek die basiese slaapsaal wat 'n gemaklike bed en matras, asook 'n gasstoof, en

'n yskas bied – jy bring die res.

Lê net laag

Natuurlik kan jy ook net jou lyf sofapokkel hou. Bespreek 'n aandete gedurende die week of geniet 'n luilekker-middagete saam met vriende en familie die naweek. Vir die stappers wat nie lus is vir blikkieskos nie, is daar 'n spesiale stapspyskaart. Onthou ook dat Rustig vir jou bykosse kan voorberei wanneer jy in een van die selfsorgblyplekke oorbly – jy moet net jou vleis saambring of van die sappige Oostermoed-lamwaar?? aankoop.

Jy kan ook ontspan wanneer jy 'n werkgeselligheid, troue of private geleentheid by Rustig vier. Die konferensiesaal is volledig toegerus en beskik oor alles wat jy nodig het én daar is genoeg slaapplek vir 66 mense by Rustig.

Maar...

Wanneer die Noordwes-hitte jou onderkry, spring in die swembad van 25 m (wat met sonkrag verhit word), bestel 'n drankie en kyk hoe die kinders in die water baljaar.

RUSTIG

Bespreek jou wegbreek in die nuwe jaar by

☎ 079 490 2690;

✉ bookings@rustig.co.za

of besoek die webwerf

by www.rustig.co.za

